

## BEROEPENUS—

**FOTO-PROJEK**—U is al geruime tyd bewus van sr Muriel van der Dussen wat ons help deur foto's te neem. Die doel is dat ons mekaar moet ken en vir mekaar in die gemeente omgee. Daar is lidmate wat gesê het dat hulle vir haar foto's elektronies gaan aanstuur dan hoef sy hulle nie ook af te neem nie. Ons wil graag almal wat dit wil doen daartoe aanmoedig. Die adres waarheen u dan die foto's kan stuur is [muriel@muriel.co.za](mailto:muriel@muriel.co.za). Ander wat nog afgeneem moet word meld asb. by sr Muriel aan...

**TINKINKIETAAL VAN TOTIUS**—deur wyle prof. PW Buys (7) *vervolg van verlede week* (Uit HANDHAAF Maart 1977)

Dit was soos een van Gezelle se leerlinge opgemerk het: Onder die spreke van die meester was dit asof die ewigheid voor jou oopgegaan het. Sy preke, toesprake, lesings het dikwels dit aan 'n mens gedoen:

... *Daarna ontsluit hy met die sleutel van die Woord die tyd se poorte en voer ons na die ewigheid/ bo die heelal se sterwit ruimtes uit //En voor die deure van geen raaisel stuit by in sy hoë vlug nie of altyd herlei sy gees dit na die Godsbesluit.*

Hierdie moeilik definieerbare ding is deur W. E. G. Louw mooi onder woorde gebring by 'n bespreking van die gedig "My vrou, jy't meer verloor as ek". Hy sê: in hierdie gedig hoor ons "'n bowe-aardse klank wat tog, vreemd genoeg, die spreekstem van 'n mens is". In dieselfde trant het Roland Holst verklaar dat die Afrikaanse Psalmberyming hom die gevoel gegee het dat Totius die mees verhevene in homself pas uit kon spreek nadat hy dit toegeskryf het aan wat veel ouer as sy eie lewe is. 'n Mens sou kan byvoeg: en veel hoër. Iemand wat siener is by die grasia van God, sien en hoor en verkondig dinge uit 'n verborge wêreld, ver anderkant die grense van ons ruimte en tyd.

### Fluisterende Lirikus

Vir die vervulling van sy hoë roeping is Totius met 'n tinkinkie stem toegerus. Op skool het ons letterkunde-onderwyser na Totius verwys as die fluisterende lirikus. W. E. G. Louw tipeer hom as die "digter van innig-tere persoonlike elegiese liriek". Prof. G. Dekker maak gewag van die sagglansende ekspressiwiteit van sy poësie. Voorbeelde hiervan uit sy digwerk is daar ten oorvloede. *Word vervolg*

11/11—Maryke Pelser 0833905363	16/11— Anna Bester 0123478846
11/11—Soné Vosloo 0768496951	16/11— Vilaine Du Venage 0832940501
12/11— Johan de Jonge 0725912662	16/11— Nico van der Dussen 0823742757
12/11— Janke Poolman 0729076668	17/11— Rhona Smit 0763990499
12/11— Petra Strydom 0764038531	17/11— Sonica Steenekamp 0727481060
14/11— Marinus Lorist 0823362278	17/11— Johannes van Dyk 0834530969
15/11— Kallie Tromp 0820930631	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur</i>

Baie geluk met u verjaarsdag

Hou aan om te lieg totdat jy naderhand verplig is om die waarheid te praat as jy wil bedrieg — CJ Langenhoven


## Die Krugertjie

### Gereformeerde kerk Pretoria(d)

[www.gkpretoria.org.za](http://www.gkpretoria.org.za) OF  
[www.gk-pretoria.weebly.com](http://www.gk-pretoria.weebly.com)

Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp  
0123262290 (8h00-13h00 Weekdae)  
E-pos: [kantoor@gkpretoria.org.za](mailto:kantoor@gkpretoria.org.za) Faks: 0123265287  
Skriba: Oudl. Andries du Plessis 0123268154  
Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar  
012- 3233194  
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745  
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106  
Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108  
Orrelis: Sr. Hanneltjie Bezuidenhout : 0837415173

10 November 2013



### EERSTE EREDIENS—(9h00)

**Skriflesing:** Numeri 20:1-13;

1 Korintiërs 10:1-5

**Teks:** Numeri 20:7-11

**Sing:** Ps. 84:1,3; Ps. 36:2; Ps. 42:1,4;  
Ps. 107:1,2

### LUISTER EN FYN LUISTER

Moses moet net luister, want in mooi luister is die lewe in opgesluit. Ons is baie keer geneig om te dink ons weet wat God vir ons sê, dit word vir ons so iets van 'n alledaagse, ek kan maar voorgee ek luister maar in werklikheid dink ek, ek weet klaar wat die Here vir my gaan sê. Ek weet klaar wat geskryf staan, ek hoef nie werklik weer mooi hierna te luister nie.

Dit is hoekom ons ook altyd mooi moet luister,. Die gesag van God se Woord, Art 7 Nederlandse Geloofsbelijdenis waarna ons verlede Sondag gekyk het, vra werklik ook na geopende ore...

**KATKISASIE**— Katkisasie gaan voort

### TWEDE EREDIENS— (ná katkisasie)

**Skriflesing:** Rigters 17;

Jesaja 40:25-31; Johannes 4:21-24

**Kategismus :** Sondag 35

**Sing:** Ps.102:1,10,11; Ps. 97:4;  
Ps. 119:34

### GODSDIENS EN BEELDEDIENS

Beelddiens is enige ander manier om die ware God te dien, anders as wat Hy in sy Woord beveel.

Dit is verkeerde diens aan die ware God.

Ons hoofgedagtes:

1. Die verkeerde erediens
2. Die ware erediens

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by <http://bit.ly/XmtQM2>

Eredienste in klank kan geluister word <http://bit.ly/Tetto1>

Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by <http://bit.ly/12P9mzH>

### Predikant:

Ds. Petrus Venter  
0012- 3356130  
0847042348 (P) 0845119620(C)  
[pjventer@gkpretoria.org.za](mailto:pjventer@gkpretoria.org.za)  
9 de Laan 880  
Wonderboom-Suid  
[www.gk-pretoria.weebly.com](http://www.gk-pretoria.weebly.com)

### Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)

**Vandag-Wyke 11 en 12**

Ouderlinge: Andries du Plessis en Boere Smith  
Diakens: Stephan du Plessis en Bernard Vorster

### Volgende Sondag (17/11) – Wyke 14 en 16

Ouderlinge: Flip Minnaar en Rudolf Bester  
Diakens: Abrie Möller

**DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...**

**Sr Ann van der Merwe** word herstel toegebied na haar galblaas-operasie. **Sr Janet Riekert** wat in Bloemfontein geopeer sal word vertrou ons dat alles goed mag verloop en sy volkome mag herstel. **Sr Maria Grobler** het drasies verbeter. Ons is daaroor met haar gesin baie dankbaar en bid haar volkome herstel toe. **Br Phil van der Merwe** se gesondheid het weer baie verswak. **Sr Nakkie** spreek haar dankbaarheid uit teenoor almal wat in die swaar tyd soveel meelewing betoon. . Hy moet DV weer op 5 Des vir verdere behandeling gaan. Ons dink aan hom en sr Nakkie in hierdie sware tyd. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Elof** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.

**KOEKIE-PROJEK VIR OUER LIDMATE**

Sr Annatjie Badenhorst bestuur die koekie-projek vir ons bejaardes. Al die susters wat kan help bak word versoek om met haar kontak te maak. Soos in die verlede doen ons dan ook weer “n beroep op almal wat kan bydra om bestanddele of kontant te skenk om die projek vir ons ouer mense moontlik te maak. Sr Annatjie kan gekontak word by 0798874954.

**65+ FUNKSIE**

Die volgende funksie word beplan vir 16 Nov. 2013 om 10h30. Die tema is dit is storietyd! Dit belooft om soos in die verlede weer iets besonder te wees. As u vervoer benodig skakel 012-3262290.

**OOP GESPREK**

Saterdag 23 Nov. 2013, vanaf 10h00 wil ons ‘n oop gesprek reël waar ons as eerste tema gaan praat oor verrassing! Die gedagte is dat die gemeente die Saterdag saamkom en na die tyd eet ons heerlik saam. Skryf asseblief u name op die kennisgewingsbord om te bepaal wie almal hier gaan wees vir die voorbereiding van die gesamentlike ete.

**KONINGSKINDERS-ETE**

Ons gemeente is versoek om weer vir die jaarlikse koningskinders-kamp ‘n ete te voorsien. Hulle het ons op die lys geplaas vir ‘n middag-ete op Donderdag 12 Des 2013. Almal wat hiermee kan help word gevra om met sr Christine te kontak (0845119620) Dan sal hulle die spyskaart en reëlings kan finaliseer.

**KOLLEKTE**

<b>Vandag: 1ste diens</b>	DVB	In stand-houding
<b>2de diens</b>	DVB	Intand-houding
<b>17/11/2013 1ste diens</b>	DVB	Emeritaats-fonds
<b>2de diens</b>	DVB	Intand-houding

**DAGBOEK**

DATUM	GEBEURTENIS
14/11	Oudle- vergd
17/11	Voorbereiding
19-20/11	Streeksinode Lyttelton
24/11	Nagmaal en Nabetragting

**SUSTERS EN PAUL KRUGER - KINDERHUIS**

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderhuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas. Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u ‘n R25-00 bydrae. Die susters bedank almal vir hulle donasies in susters se donasiekas by die teeskink....

**ETE NÁ NAGMAAL.**

Soos verlede jaar wil ons met die laaste ete wat na Nagmaal aangebied word weer ‘n bring-en-braai hou. Almal is baie welkom en ons kuier en eet as gemeente die Sondag heerlik saam.

**ZAMBIË– VOERTUIG**

Met groot dankbaarheid teenoor die Here het hierdie fondsinasameling van ons gemeente in die die kerkverband aangegroei tot R102 000. Die harte en hande in die gemeente wat ook hiermee kan help word versoek om dit oop te maak as dit vir u moontlik is. Die brief vir u en die kerkverband kan gelees word by die volgende skakel. <http://bit.ly/105wmGY> As u gelde hiervoor kan gee, moet u dit in die kerk se bankrekening inbetaal. Merk net duidelik saam met u naam dat dit bestem is vir Zambië voertuig.

**DIE EVANGELIE: MATTHEÛS**

*Vervolg van verlede week*

**MATTHEÛS 7:21-23**

**7:21-23, Here, Here –** ‘n Ydele noem van die Naam van die HERE is reeds behandel in 6:7. As voorbeeld dat ‘n leë roep van God se Naam nie alles is nie, verwys Totius an die boek Ester, waar die Naam van die HERE nie genoem word nie, maar wat deur en deur van godsvrug en geloof van die mense spreek. Daar word gelees van hulle wat die wil van God **gedoen** het.

**In die hemele** - As julle begeer om in die hemele in te gaan, doen die wil van Hom wat daar woon.

**Daardie dag** – die Oordeelsdag word bedoel. **Vir My** - Christus Self sal die Regter wees.

**In U Naam** – Al gee die valse profete voor dat hulle in Christus se Naam spreek en duiwels sou uitdryf, is hulle nie in eenheid met Hom nie. Sy Naam word net misbruik.

**Gaan weg** – Hulle was nooit deel van Hom, van Sy liggaam, die ware Kerk nie. Christus erken hulle nie as Sy eie nie. Hulle word na die verdoemenis gestuur.

**Ongeregtigheid** – Hulle het Sy wet nie waarlik geken en uitgeleef nie. Die ware vrugte was nie daar nie.

**7:24-27, Slot van die Bergpredikasie**

**Luister** – Nie gewone “hoor” word bedoel nie, maar “ter harte neem”. Hulle gryp die betekenis van Christus se woorde aan. Hulle glo ! Die hoor met die hart hang saam met nuwe lewens waarin God se Wet nageleef word, daarom: **en dit doen**. Geen storms sal dit oorweldig nie. Ook nie die vervolgings in die tyd van die valse profete wat kom nie.

So eenvoudig stel Jesus dit ! Die kleinste kind ken die verskil in sterkte tussen sand en rotse.

**Sand** – Dit is weer ‘n verwysing na valse selfversekerheid.

Hoor dit, en doen dit !

**7:28-29, verslae oor Sy leer** – *Totius het aan die begin van sy preke oor die salig-sprekinge gewys op die verskil tussen die mense wat toegestroom het om Jesus te hoor, en Israel wat padgegee het van Sinai af. Hier, op die Berg van Saligsprekinge, “donder dit nie, maar dit drup van vettigheid.” Die hele Bergrede of Bergpredikasie*

*noem hy “die skone gebou”, waarvan die salig-sprekinge die voorportaal vorm.*

**Nie soos die skrifgeleerdes nie** – Sy goddelikheid en gesag spreek uit alles wat Christus sê. Die “geleerdes: se manier van uitleg van die Skrif was om te **spekuleer**. Gewoonlik sou hulle verskillende rabbi’s se uitsprake oor iets teen mekaar opweeg. Alles was nie om die Wet uit te lê en die volk te leer om dit te doen nie, maar eintlik om die Wet te omseil.

Christus leer die volk weer hoe om waarlik die Wet te hou: ware geregtigheid en heiligheid. So is die mens in wie die beeld van God herstel is.

Dit is waarlik die geliefde Seun van God, luister na Hom !

**MATTHEÛS 8**

Mattheüs was nie baie begaan oor die chronologiese aspek in sy weergawe van die Evangelie, soos Lukas, nie. Hy wou die verskillende aspekte van Jesus se optrede na vore bring, bv die genesings, Sy persoonlike lyding, hantering van uitgeworpenes. In Hfst 8 kom na vore: die verskeidenheid van kwale wat genees is, selfs heidene is genees, die versoeke van die lyers.

**8:1, menigtes** – Aangedaan en verbaas oor Sy prediking en wonders, stroom mense agter Jesus aan. Ons ken mense, en kan dus weet dat daar baiekeer seker bloot sen-sasiesoekery was, en dat die Fariseërs seker dadelik na die Bergpredikasie nie gehou het van Jesus se aanvalle op hulle vervalsing van die Wet nie. Hulle wou sekerlik dadelik weet wat verder deur Hom gesê word.

**8:2, melaatse man** – Waarskynlik was hierdie die eerste melaatse wat deur Christus genees is. Die siekte is ‘n simbool van die sonde-melaatsheid van die gevalle mens.

**8:3, raak** – Aan ‘n melaatse is nie geraak nie, uit vrees dat mense die siekte sou aansteek. Jesus doen dit daarom met ‘n lering: Hy sal nie voor God onrein wees daaroor nie. Hy was immers die Geneser. **Gereinig** – Dit wat die man in die geloof gevra het, was ‘n belydenis dat Jesus hom kan reinig. Hierdie mag tou Jesus nou.

uitverkorenes. Die getuienis moes ook wees dat Hy nie die Wet oortree het nie, maar dit kom vervul het. *Word vervolg*

**HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-**

*8 Nov. 1920– Dr. Abraham Kuyper oorlede; 8 Nov. 1697– Stellenbosch word aangelê; 10 Nov. 1482– Martin Luther gebore; 10 Nov. 1858– Dirk Postma kom op Rustenburg aan; 10 Nov. 1864– Oprigting van eerste kerk-skool Rustenburg; 12 Nov. 1780– Piet Retief gebore ; 15 Nov. 1855– Pretoria word aangelê; 17 Nov. 1497– Vasco de Gama ontdek die Kaap; 19 Nov. 1857– Dirk Postma as afgevaardigde na ZAR benoem; 20 Nov. 1841 – Ring van Graaff-Reinet keur die herderlike brief goed; 23 Nov. 1900- Koningin Wilhelmina verwelkom pres Kruger by sy aankoms in Parys; 25 Nov. 1838– Andries Pretorius gekies as leier van die Trek ; 28 Nov. 1916– Pres MT Steyn oorlede; 28 Nov.1987– SA Helderberg stort in die Indiese oseaan; 29 Nov. 1869– Oprigting van Teol skool in Burgersdorp; 29 Nov. 1838– Prof. J Lion Cachet gebore; 29 Nov. 1894– Toon v/d Heever gebore*